# Ons Koning kom!



**Naam:**

Liewe Ouer

Baie dankie dat jy jou kind ingeskryf het vir Pinkster-by-die-huis. Dit is vir ons heeltemal nuut en 'n groot uitdaging, maar een wat ons met entoesiasme aanpak. Ons sien nie kans dat ons kinders afgeskeep voel nie, en daarom het ons baie moeite gedoen om hierdie jaar se Pinkster te laat werk! Ons hoop julle kinders geniet dit terdeë.

Om alles maklik en duidelik vir die julle te maak, het ons hierdie pakket saamgestel met alles daarin wat jou kind sou benodig om deel te neem aan al die aktiwiteite. Alles in die pakket is gemerk vir die dag waarop dit benodig word, net om alles te vergemaklik. Julle, as ouers, moet net seker maak dat die kinders gom (Pritt en "craft glue") byderhand het, asook 'n skêr en inkleurpotlode of -kryte.

**Hoe gaan die aanlyn-kinderpinkster werk?**

- Kort interaktiewe kontaksessies met Zoom
- Daar sal opnames wees wat die boodskap vir die dag behandel
- Kinders gaan elke dag iets moet maak en onthou.

Die program is soos volg:

**Sondagoggend 24 Mei:** Kinderpinkster skop af tydens die kindertyd van die oggend-erediens. Hierdie eerste sessie sal as inleiding dien om die kinders gereed te kry vir die aandsessie. Julle sal Sondag die video-skakel hiervoor ontvang. Tydens hierdie sessie gaan die kinders 'n interessante opdrag kry wat hulle moet voltooi voor die aand se sessie. Moet dit nie mis nie!

**Die res van kinderpinkster gaan in die aande vanaf 18:00 tot 18:45 plaasvind.** Die eerste hiervan is reeds Sondagaand. Elke sessie gaan begin met 'n kort Zoom-gesprek of aktiwiteit waarvoor julle die skakel sal ontvang. Dit sal dien as inleiding tot die les. 'n Skakel vir die video-les sal elke dag aan julle gestuur word. Hier sal kinders die kern-les kry, asook instruksies oor die aktiwiteit vir die dag. Daarna, om 18:30, sal daar weer 'n kort Zoom-sessie wees. Dit sal die vorm aanneem van 'n gesprek waaraan kinders kan deelneem, vragies kan vra, of net kan luister.

Vir die wat 'n sessie misgeloop het, sal 'n opname beskikbaar gestel word sodat later daarna gekyk kan word. Onthou dat die video-opname die kern-les is. Ons sal alles so eenvoudig moontlik hou.

**Hoe skakel ek in op Zoom?**

Ons sal die skakel aanstuur, wat vir die hele week geldig sal wees.

Ek hoop van harte dat hierdie reeks 'n groot impak op die kinders sal maak. Ons vertrou die Here daarvoor.

Pinkstergroete
Helieta Engelbrecht, namens die Jeugkommissie

# Kinderpinkster 2020

## Het jy elke dag ingeskakel?



| | |
|---|---|
| Sondagoggend | |
| Sondagaand | |
| Maandag | |
| Dinsdag | |
| Woensdag | |
| Donderdag | |

Kinderpinkster 2020
Het jy elke dag ingeskakel?



Sondagoggend
Sondagaand
Maandag
Dinsdag
Woensdag
Donderdag

Kinderpinkster 2020
Het jy elke dag ingeskakel?




Sondagoggend
Sondagaand
Maandag
Dinsdag
Woensdag
Donderdag

Kinderpinkster 2020
Het jy elke dag ingeskakel?



Sondagoggend
Sondagaand
Maandag
Dinsdag
Woensdag
Donderdag

**Sondag**











# Saamsingliedjies vir Kinderpinkster



**Ons koning kom**

**Supercool vir Jesus**

**Every move I make**

**Popcorn**

**I’ve got the joy**

**Dis so lekker**

**Wow God is koning**

**Staan op**

# Aktiwiteite vir die week

## Maak van kroon: Sondag

Die kroon wat in die pakket is, word sorgvuldig uitgeknip en versier met goedjies wat verskaf is. Eie versierings kan ook gebruik word. Die stroke onder die kroon kan aan die kroon vasgekram word sodat die kroon om die kind se kop pas.

## Maak van boekrol: Maandag

Gebruik die toiletrolletjie wat voorsien is. Knip die stroke van die boekrol uit en plak dit aan mekaar vas om een lang strook te vorm. Dit moet net in die regte volgorde geplak word. Die punt van die boekrol word dan om die toiletrolletjie geplak en die res van die strook word om die rolletjie gedraai.

## Maak van die donkie: Dinsdag

Die donkie prentjie wat verskaf word, word uitgenip en ingekleur. Die wasgoed-pennetjie word as bene gebruik om die donkie te laat staan.

## Vou van kruis: Woensdag

Stefan sal tydens die les die stappe wys wat gevolg moet word. Indien die vou-aktiwiteit te moeilik is, kan die kruis op wit papier, wat ook voorsien is, in helder kleure ingekleur word.

## Die oop graf: Donderdag

Knip die rots uit. Neem die gemerkte sosatiestokkie en druk deur die linkerkant van die rots, van agter af deur die papier. Die plek is gemerk met 'n kolletjie. Sodra die punt deur is, word die rots op die sosatiestokkie geplaas, in lyn met die ---- op die rots. Dit moet tussen die merkies op die sosatiestokkie geplaas word. Dan word die stokkie van bo af deur die ander kolletjie aan die regterkant van die rots gesteek. Die rots kan dan weggeskuif word voor die opening en die leë graf sal sigbaar wees. Alles kan mooi helder ingekleur word.

Sondag



# Jesaja 42:9


Alles wat Ek
gesê het,
het net so
gebeur.




En nou kondig Ek
nuwe dinge aan.
Voordat dit
gebeur, vertel
Ek dit reeds
aan julle.




**Sondag**




**Sondag**



Sondag




**Sondag**



**Naam**

Sondag

## Wie sit op die troon?



Sondag

## Wie sit op die troon?

